

Lectio Divina, 'n ander manier van Bybel lees

(Opgestel deur Ds. Gys van Schoor)

Een van die grootste seëninge wat ek die afgelope jare ervaar het was om na God se stem te leer luister. Vir die eerstepandse leer leef met God is die leer luister wesenlik. Deur die Bybel kom God ons ontmoet, kom Hy ons liefhê, omhels, versterk, aanmoedig, hoop gee, vertroos, aanspreek, verander. Om so na God te leer luister vra van ons dat ons ook 'n ander manier van Bybel lees sal moet aanleer. Ons sal ook moet leer om die Bybel met ons hart te lees. Die herontdekking van 'n ou luistermetodiek uit die vroeë kerk het my baie gehelp. Deur die eeue het gelowiges die stem van God op hierdie manier gehoor. Die woord deur die eeue vir hierdie manier van Bybel lees was "Lexio Divina"

'n Ander manier van die Bybel lees.

Ons het gewoon geraak om die Bybel veral informatief te lees waarin dit primêr gaan om informasie te bekom. Ons sal weer moet leer om die Bybel ook formatief te lees, vanuit 'n verhouding met God waarin dit gaan oor die transformasie van ons lewens. Dit is NB om te verstaan dat dit nie hier gaan oor 'n regte of verkeerde manier van lees nie. Eerder gaan dit om daaroor dat ons ons informatiewe lees moet aanvul met die formatiewe lees van die Bybel. 'n Gesonde wisselwerking werk die beste. Lectio Divina kan ons hiermee help.

Die volgende diagram kan help om die verskil tussen die informatiewe – en die formatiewe lees te verduidelik. (Robert Mulholland)

Informatiewe lees**vs****formatiewe lees**

- | | |
|---------------------------------------|----------------------------------|
| 1. Lees met die verstand om te begryp | Lees ontvanklik met die hart |
| 2. Kwantiteit | Kwaliteit |
| 3. Verstaan | Luister |
| 4. Haastig | Wag |
| 5. Beheer | Broos |
| 6. Informasie | Transformasie |
| 7. Kennis te versamel | Verhouding met Jesus |
| 8. Doing | Being |
| 9. Funksioneel – Bybel= tool | Relasioneel - Bybel=stem van God |

Kom ek verduidelik die diagram.

1. Met informatiewe lees ons die Bybel soos wat ons enige ander dokument lees, met ons verstand om te begryp. In die woordjie begryp sit be-greep. Ons lees die Bybel om 'n greep daarop te kry. In die formatiewe lees werk die proses presies andersom. Jy gee die Bybel terug in die hand van God en laat toe dat die Bybel 'n greep op jou kry. (Being shaped by the Word – Mulholland)
2. Met informatiewe lees kan jy baie op 'n slag lees bv programme waarmee jy die Bybel in 'n jaar kan deurlees. Met formatiewe lees lees jy klein gedeeltes (10-12 verse op 'n slag). Dieselfde Skrifgedeelte kan ook weer en weer gelees word. Ons kan 'n week by dieselfde teks stilstaan.
3. Met informatiewe lees gaan dit oor verstaan, begryp. Bybelstudie is 'n baie goeie metode hiervoor. Ons gebruik kommentare ens wat ons kan help om die teks te verstaan.
By formatiewe lees is luister na die teks van kardinale belang. Aanvanklik is dit moeilik om na 'n teks vir 'n week te luister. Ek onthou goed hoe 'n vroujie na die 1ste week van die luister na die dieselfde teks kom sê het dat dit vir haar baie swaar is om dit te doen.. Haar hele wese vra vir nuwe info. Ek onthou ook haar getuienis in die 5de week: Dis wonderlik om so na dieselfde teks te luister! Ek ervaar die teks kom in verskillende kontekste, my werk ,my gesin ens na my terug gedurende die dag en gee vir my perspektief oor hoe ek kan optree in 'n konkrete situasie. Jesus ervaar ek as 'n werklikheid by my deur die dag!
4. Ons kan die Bybel haastig lees, net voor ons gaan slaap. Ons kan dit nie doen met formatiewe lees nie. Aangesien dit hier gaan oor luister moet ons geduld leer, want om luisterend te lees beteken om wagtend te lees.
5. En dit beteken om beheer af te gee. Wagtend, luisterend beteken ons is nie in beheer van die proses nie. Ons het die beheer af gegee aan iemand anders.
6. Robert Mulholland het 'n boekie geskryf met die titel: “Shaped by the Word” Dis presies die oogmerk van formatiewe lees. Ons “woon” in die teks en ons hele lewe word gevorm deur die teks .
7. Die tragiese is dat 'n mens die Bybel kan ken, weet wat daarin staan, die betekenis van die teks kan ken sonder om Hom van wie die teks getuig beter te leer ken .
8. Bybelstudie is om iets met die teks te doen, luister vra van ons om op 'n nuwe manier voor die teks te wees.
9. In formatiewe lees gebruik ons die Bybel as 'n stuk gereedskap vir inligting en verstaan.
Terwyl in formatiewe lees gaan dit om die lewende stem van God te hoor.

Hoe lees mens die Bybel formatief heel prakties?

Dit behels die volgende eenvoudige stappe:

Word stil

Kom tot rus in die wete dat die Here teenwoordig is. "Net by God vind ek rus" Ps 62

Gee die dinge wat pla aan die Here af.

1. **Lees van 'n Skrifgedeelte** (verkieslik nie langer as 10-12 verse).
Vra die Heilige Gees om met jou te praat. Lees Skrifgedeelte hardop.
Probeer verstaan wat jy lees.

2. **Meditasie of nadenke oor die Skrif**

Lees Skrifgedeelte vir 2de keer, luisterend, wagtend.

Beantwoord die volgende 3 vrae:

Watter woord, sinnetjie, moment, beeld staan vir jou uit en bly by jou?

(Dit kan wees dat God nou so met jou gepraat het)

Hoe word jou lewe geraak deur dit wat jy gelees het?

Gaan "sit" in die woord, beeld en luister na wat God vir jou wil sê.

3. **Gebed van die Skrif**

Lees Skrifgedeelte vir 3de keer

Op grond van wat jy gehoor het, praat met God daaroor.

4. **Kontemplasie/ nadink**

Rus en wag in God in stilte om te kan luister.

Wat is dit Here wat U verder vir my wil sê:

Gaan leef met dit wat jy gehoor het deur die krag van die Gees

Praktiese wenke

1. Minder is meer. Dit gaan nie hier oor vinnig of baie nie. *“In our meditation we ponder a chosen text on the strength of the promise that it has something utterly personal to say to us for this day.. We are waiting for God’s Word to us.” Bonhoeffer*
2. Bly by een teks ‘n week
“..in our personal meditation we confine ourselves to a brief selected text, which possibly may not be changed for a whole week” Bonhoeffer

Die grootste seën met Lectio Divina het ek ontvang deur ‘n week lank by dieselfde teks te bly.

Hoe besluit ons oor watter teks om te gebruik?

Daar is verskeie moontlikhede. Baie gemeentes gebruik die leesrooster vir hul prediking. Neem die teks waaroor die volgende Sondag gepreek gaan word as jou Lectio teks vir die week. In ons gemeente preek ons die afgelope tyd aan die hand van reeks. In die begin van elke kwartaal word die oggend en aandreekse uitgegee. Lidmate kan du skies of hulle die oggend of aandteks wil gebruik. Dis is Nb om eers self na die teks te luister voordat daarvoor gepreek word. ‘n Ander moontlikheid is om gewoon een van die evangelies te neem en elek 10-12 verse te gebruik vir Lectio.

3. Die lengte van die teks moet nie te lank wees nie – so 10-12 verse. Onthou dit gaan nie hier oor kwantiteit en meer informasie nie
4. Ritme mbt tyd en plek. Dit is belangrik om ‘n vaste plek en tyd vir Lectio in te ruim. Kry vir jou ‘n plek waar jy alleen en privaat kan wees. Dit moet ‘n plek wees waar jy kan ontspan en jy nie bang is om broos te wees nie
5. Dagboek – Om na God te luister vra dagboek beplanning. Skryf in jou dagboek: Tyd met God. Begin met ‘n 10 minute.
6. Eenvoud en gereelde frekwensie is belangrik
7. Dwalende gedagtes – moet dit nie beveg nie, kom elke keer weer terug.
8. Joernaal – skryf neer wat jy hoor en deel dit met jou kleingroep.

Lectio werk die beste wanneer jy dit wat gehoor het kan bespreek saam met die gemeente. Dit kan in ‘n kleingroep wees. Ons het in ons gemeente nou al vir ‘n paar jaar Lectio aanddienste. Die deelname aan die kleingroep en gemeente is noodsaaklik vir onderskeiding.